

Inhoud Hierdie preek wys dat God in sy voorsienigheid met sy raadsplan besig is en ons met ons gewone daaglikse roeping en dagtake. Ons roeping en dagtake is nie 'n manier waarop ons betrokke raak saam met God in sy voorsienige besluit en beskikking van alles nie. Ons kan ons aan ons dagtake toewy in die rus dat God altyd ons met ons gewone lewe en dagtake in sy voorsienige raadsbestuur insluit. Daar is geen geestelike bedrywighede wat ons God se raad kan laat ken en ons daarin inspraak of samewerking in gee nie.

Skriflesing 1 Samuel 9: 1 – 3, 5, 6 10 – 24, 27 – 10: 1

Teks 1 Samuel 9: 16: “Want ek het my volk raakgesien, ja, hulle hulpgeroep het ek gehoor.”

Tema God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

1. Waarmee moet ek elke dag vir die Here besig wees? Moet ek besig wees met God se plan vir my lewe of God se roeping en dagtake?

Vir geslagte lank hoor ons die aankondigings dat “God het 'n plan met jou lewe”, en “Jy moet God se plan met jou lewe ontdek”. Deesdae word hierdie selde aankondiging net op 'n baie meer besigheidsgedrewe manier aangekondig: “Jy moet deel wees van God se visie en missie vir jou lewe!”

Met hierdie aankondiging van kansels en in groepe word mense dan opgeroep om by God se plan, sy visie en missie met hulle lewe en die wêreld betrokke te raak en hulle daarmee besig te hou.

Hoe? Jy moet God se plan, visie en missie leer ken, en dan moet jy met God begin saamwerk met sy plan. Wanneer jy dan met God begin saamwerk dan maak God jou deel van sy bestuursraad en bestuursbesluite van sy plan, sy visie en missie vir jou en die wêreld.

Alles wat hierdie geestelikes aankondig as God se plan, missie en visie, word in ons geloofsbelydenis iets heeltemal anders genoem. Dit word God se voorsienigheid genoem. God se voorsienigheid is nie sommer net om sorgsaam te wees nie. Dit is hoe God alles so volgens sy wil laat gebeur: alles só beskik en bestuur dat God in en deur alles wat gebeur sy raadsplan met mense en die wêreld uitvoer.

2. Wat is die verskil tussen hierdie sogenaamde “Plan van God”, God se visie en missie” en God se voorsienige bestuur van alles wat ons is en doen in ons roeping en gewone dagtake?

Kom ons kyk na God se voorsienige bestuur van Saul en Samuel! Hoe God in en deur hulle gewone daaglikse lewe en dagtake sy raadsplan beskik en bestuur. Só kan ons die onderskeid vind tussen waarmee hulle vir God besig is en waarmee God self besig is.

Saul het nie iets geken soos dit vandag “God se plan”, “God se visie en missie” genoem word nie. Hy het dit nie in sy lewe raak gesien of herken nie. Hy het nie by

God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

God se plan met sy lewe betrokke geraak of saam met God sy lewe begin, besluit, bestuur en beskik nie.

Hy het donkiemerries wat weg geloop het gaan soek! Hy was besig om saam met sy familie te leef (9: 1), saam met sy pa te boer (9:2), sy liggaamskrag en talente vir sy werk te gebruik (9:2) en om saam met 'n arbeider sy pa se opdrag om wegloup donkies te gaan soek, uit te voer. Hy was besig met sy gewone dienswerk en dagtake.

3. Binne vandag se gepraat oor “God se plan, visie en missie, moet dit só vertel word! Saul het God se plan vir sy lewe gesien en aanvaar en die donkies gaan soek as 'n manier om by God se koninkryk betrokke te raak want hy het geweet dit is God se manier om van hom 'n koning in sy koninkryk te maak!

Dit is totaal onwaar binne die openbaring van 1 Samuel! Saul het nie God se donkies gaan so om by God se koninkryk betrokke te raak nie. Hy het sy pa se donkies gaan soek, omdat hy saam met sy pa gewerk het en sy pa hom die dag se opdragte gegee het. Daarom gaan loop hy letterlik oor berge en dale vir twee dae rond agter die wegloup donkiemerries, om donkies te kry en huis toe te vat, sonder 'n visie en missie vir God se koninkryk.

Waarmee was God besig?

God het hierdie wegloup donkies en Saul se dagtaak gebruik om Saul na Rama te vat om as koning van Israel ingewy te word. Alles wat die donkies gedoen het, Saul en sy pa en die arbeider gedoen het, het God só bestuur en beskik, dat God Saul in Rama as koning kon inwy.

Saul het niks van hierdie voorsienige besluite en bestuur van God geweet nie. Hy het dit nie geken nie, nie daarby betrokke geraak of God daarmee gehelp of met God saamgewerk nie. Hy was net besig met sy gewone lewe en dagtake!

4. Saul het nie eers vir Samuel geken of geweet hy bly in Rama nie. Dit was nie sy plan om na Rama te gaan nie, ook nie sy arbeider se plan nie. Dit was sommer net sy arbeider se ingewing van die oomblik gewees. Sommer net 'n los idee wat hy gekry omdat hy gesien het hulle is naby Rama en geweet het van Samuel, anders as Saul.

Hierdie skielike gedagte van die arbeider om na Rama te gaan, is ook nie 'n ontdekking van God se plan of die aanvaarding van God se visie en missie nie. Die arbeider wou nie God met sy beskikking en besluit help om Saul koning te maak nie. Hy het 'n plotselinge gedagte gekry hoe om die donkies op te spoor, want hy was ook net besig met sy gewone lewe en dagtaak.

Hulle het ook nie saamgewerk of gehelp met God se plan nie. Hulle kos was klaar en die arbeider het iewers in sy sak genoeg geld gekry om die siener vir sy diens te betaal. Ook iets waarvoor hy nie voorsiening gemaak het nie. God gebruik en beskik die arbeider se los geldjie as rede vir hulle om na Rama te gaan vir Saul se inwyding as koning.

God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

5. Waarmee was Samuel besig?

Samuel was die laaste rigter van Israel. Net voor hierdie vertelling oor Saul het die stamleiers van Israel vir Samuel voor die eis gestel dat hulle hom nie meer as rigter wil hê nie en ook nie sy seuns nie. (8: 1 – 4) As rigter was hy ook die hoofpriester en profeet gewees. In effek het die stamleiers Samuel en sy seuns onthef van hulle rigtersposisie en 'n koning in hul plek geëis volgens die reg van Deut. 17: 14.

Samuel het na hierdie vergadering nie begin om die nuwe koningskap te organiseer, te gaan soek na die nuwe koning, om 'n visie en missie vir die nuwe bedeling op te stel nie. Hy het op die beslissing en besluit van God gewag. Hy moes net met sy gewone dagtake as rigter en priester aangaan terwyl hy in effek al af gedank was.

'n Dag voor Saul se koms het die Here hom beveel om 'n toewydingsgeleentheid vir die nuwe koning te reël wat die Here die volgende vir hom sou uitwys Samuel het nie saam met God besluit wie die nuwe koning is nie, nie saam beplan en saam gereël nie. Hy moes net doen wat die priester doen – 'n offer bring as toewyding van die koning wie se posisie nog nie bestaan of gekies is nie, en 'n offer-ete reël met vooraanstaande mense wat nie weet dit is Samuel se aftree-ete en die nuwe koning se toewydingsgeleentheid nie.

En toe ontmoet Saul en Samuel mekaar as vreemdelinge in die straat terwyl Samuel al op pad is na die toewydingsgeleentheid sonder dat hy weet wie is koning en Saul wat hom vra of hy Samuel ken want hy soek sy donkies!

Samuel was nie besig met God se groot plan vir sy volk, het nie saam beraadslaag, saam bestuur en saam besluit nie. Hy het sy gewone take gedoen om 'n offer te bring, 'n offer-ete te reël en om te self.

6. Die wyse waarop Saul geen vaagste benul het van wat besig is om met hom te gebeur nie, wys hoe Saul net met sy dagtake besig is terwyl God alleen met sy voorsienige beskikking en besluite besig is.

God is besig om sy volk se hulpgeroep te antwoord en om hulle uitkoms te gee van die onderdrukking van die Filistyne te gee deur die hele bedeling van rigters te verander na die instelling van 'n vaste koningshuis, om die hele stamstelsel te verander na 'n georganiseerde staat toe.

Saul het geen benul gehad van hierdie besluite en beskikkings van God nie, ook nie van die besondere diens waartoe God hom gaan aanstel nie. Hy het nie God se plan gesien, geken, daarby betrokke geraak, en gehelp nie. Hy het terwyl Samuel vir hom 'n toewydings-ete hou, gedink aan donkies wat hy nou na sy pa kan terugvat.

Daarom verstaan hy ook nie die nuwe eerbewys waarmee Samuel hom behandel nie. Wanneer Samuel vir hom sê God gee nie net sy donkies nie, maar hy besit nou al Israel se kosbaarhede, reageer Saul met die onbegrip van 'n nederige mens en vra Samuel hoekom praat hy so snaaks met hom. (9: 21) Wanneer Samuel hom die ere-posisie in die ete gee en hom die gedeelte vleis gee waarmee hy aangewys word as die nuwe koning, die skenkel-gedeelte wat die priester toekom, het Saul nog

God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

geen koningsvisie of -missie nie. Hy wil klaar kry en die donkies huis toe vat want dit is sy dagtaak.

Daarom stel die Here alleen Saul as koning aan, sonder 'n volk wat hom as koning uitroep, sonder dat Saul voor 'n keuse gestel word om betrokke te raak by God se plan en sonder 'n visie en missie vir God. Hy word aangestel om 'n nuwe taak en opdrag te kry as die een wat hy gehad het – sy gewone dagtaak en opdrag is om nou koning te wees.

7. Só leef ons as gelowiges binne die voorsienigheid van die Here – net soos Saul en Samuel!

Ons is net met ons gewone lewe en dagtake besig wat ons vir die Here doen, as ons diens en ons roeping teenoor die Here, en net die Here alleen beskik en bestuur al die gewone dagtake en saamlewe waarmee ons besig is, sodat God sy raadsplan met ons en die wêreld alleen uitvoer.

God voer sy voorsienige raad met ons en die wêreld uit, sonder dat God

- Ons oor sy raadsplan met ons lewe en die wêreld in lig,
- Ons verduidelik waarmee Hy besig is,
- Ons samewerking vra,
- Ons hulp en ondersteuning en bystand verwag,
- Ons betrokkenheid nodig het.

Hierdie wyse waarop God hier sy raadsplan uitgevoer het is nie 'n metode om deel van God se plan met jou lewe te word nie. Om donkies wat weg is te gaan seek of offer-etes te reël is nie hoe ons deel van God se voorsienige beslissings en bestuur van sy raadsplan met ons en die wêreld word nie.

Ons moet ons gewone lewe vir God leef en ons gewone dagtake vir Hom uitvoer. God alleen sal elke ding wat ons doen gebruik in sy voorsienigheid sonder dat God ons ooit deel van sy raadsplan, sy raadsbesluite en raadsbeskikking sal maak.

Ons kan op geen wyse ooit deel in die raadsbestuur van God van ons lewe en die wêreld nie. Ons kry nooit in God se raadsbestuur 'n posisie waarin ons sy plan ken, sy visie deel of sy missie saam met hom uitvoer nie.

Ons kry net die gewone dagtake en pligte van die gewone lewe wat ons vir die Here leef.

8. Dit is die geweldige magsvergryp teen God wat in kerke gepreek word met die aankondigings dat jy deel van God se plan, deel van God se visie en deel van God se missie van jou lewe moet word! Dat jy jou met hierdie sake van God moet besig hou!

Die Here se voorsienige bestuur van ons en die wêreld maak dat Hy altyd in elke deel van ons gewone daaglikse lewe en elke gewone dagtaak, besig is met sy raadsbestuur van ons en die wêreld.

God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

Daar kan nooit so iets wees nie dat God eers met sy raadsplan kan begin, dit kan uitvoer en sy beskikkings en besluite kan neem, wanneer ons besluit ons begin betrokke raak by sy raadsplan nie.

God het nie gewag dat Saul gaan donkies soek of Sameul 'n aftree nie, voor Hy Saul en Samuel in Rama byeengebring het nie. Hy het alles beskik en bestuur sodat Hy as God sy raadsplan kan uitvoer, sonder enige medewerking, instemming en samewerking in sy raadsbestuur.

Ons diepste troos is juis dat ons nie eers by groot, omvangryke en magtige sake betrokke hoef te raak voor God ons insluit en laat deel wees van wat Hy in sy voorsienigheid alleen vir ons besluit en beskik nie.

Elke gewone dagtaak met elke deel van die gewone lewe is binne God se voorsienigheid en Hy sal ons só gewone lewe en diensbaarheid wat ons vir hom leef, elke deel daarvan deel van sy voorsienige bestuur laat wees.

Wat ons vir God mee besig moet wees, is om ons daaglikse gewone lewe vir Hom te leef en ons gewone dagtake vir Hom te doen.

Daar is glad nie iets soos 'n plan van God met ons lewe wat ons eers moet uitvind en ken, voor God ons binne sy raadsplan insluit en bestuur nie. Daar kan glad nie iets wees soos God se visie en missies nie. 'n Visie en missie is doelstellings en doelwitte van mense. God werk nie met visies en missies in sy raadsbestuur nie. Hy beskik en besluit soewerein.

Net so min bestaan daar iets soos 'n plan van God waarby ons moet betrokke raak, mee moet begin help en mee moet begin saam besluit en bestuur.

God se voorsienigheid waarmee Hy sy raadsplan met ons uitvoer, is nie iets waarmee ons ons besig kan hou nie. Dit is God se besigheid. Ons besigheid is ons gewone lewe en dagtake.

9. Die diepste dwaling in hierdie prediking van God se besigheid waarmee jy moet besig wees en mense se gewone besigheid is die nuwe geestelikheid wat onderskei tussen koninkryk-sake vir God en gewone sake vir God, tussen 'n koninkryk-lewe vir God en 'n gewone lewe vir God.

Waar kry mense hierdie onderskeid vandaan?

Dit gaan oor hoe hulle Jesus se verlossingswerk verdraai.

Jesus is Here en self die Messias. Dit het ons verlede week gesien. Hy is self die Here wat alles deur sy soewereine wil beskik en bestuur binne sy raadsplan met ons en die wêreld.

God het self Messias kom word sodat ons weer ons gewone lewe vir God kan leef as heilige mense wat God vir sy liefde reg gemaak het. God het self Messias kom word sodat ons weer elke gewone dagtaak kan doen binne sy liefde waarmee Hy ons vervul en met die liefde wat Hy in ons vir hom wek.

God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

Binne sy liefde vir ons is alles wat ons doen en beleef, koninkryk-sake! Elke gewone deel van ons lewe is binne sy liefde, 'n koninkryk-saak, want sy liefde vir ons is sy koninkryk. Elke gewone dagtaak is 'n koninkryk-diens wat alles wat ons in en uit lief liefde vir Hom doen, is koninkryksdiens.

Dit is hoe Jesus Here en Messias is: Hy laat alles wie en wat ons is, deel van sy voorsienige raad wees, sy plan, sonder dat ons ooit sy plan ken of daarby betrokke raak.

10. Wat word in die plek van hierdie gewone lewe wat ons in sy liefde leef en gewone dagtake wat uit liefde vir Hom doen, as die nuwe sogenaamde “koninkryk-sake van God” vir ons voorgehou?

Dit is doodeenvoudig!

Wanneer jy met jou eie gewone lewe en dagtake besig is, dan is dit volgens geestelikes nie koninkryk sake nie. Wanneer jy egter jou met ander mense se sae besig hoe, dan is jy besig met die koninkryksake van God.

Wanneer jy in God se liefde en uit liefde jou eie kinders versorg, dan is jy nie met God se plan, visie en missie besig nie, maar as jy begin sorg vir ander mense se kinders, dan raak jou nou kamstig betrokke met God se plan vir jou lewe, met God se koninkryksake.

Wanneer jy jou eie huis regmaak, jou eie vuilis verwyder, jou eie omgewing in standhou en bewaar, dan is jy nie betrokke by God se plan met jou lewe nie, maar sodra jy ander mense se huise gratis regmaak, hulle strate gratis skoonmaak, hulle omgewing gratis in stand hou, dan sou jy nou só begin het om betrokke by god se plan met jou lewe te word.

Wanneer jy self jou gewone lewe binne God se liefde leef, saam met Hom en vir Hom leef, en jou gewone dagtake vir God doen, dan sien hulle dit as 'n selfsugtig lewe want 'n koninkrykslewe is vir hulle wanneer jy vir ander mense begin leer en vertel hoe hulle moet leef.

Dan beteken dit mos dat alles wat gewoon is in die lewe en met dagtake, is nie deel van God se plan, sy voorsienigheid nie. Jy moet eers by ander mense se lewe en dagtake betrokke raak, voor jy by God se raadsbestuur, sy raadsbesluite, sy raadsbeskikkings betrokke kan raak, voor jou lewe deel van sy koninkryk kan wees!

Só maak hulle jou bemoeienis met ander mense en hulle take, kamstig hoe jy met God se sake moet besig wees.

11. Wat sê die Here oor hierdie geestelikheid waar God se sake nou skielik is om met ander mense se sake besig te wees?

Kyk hoe stel Paulus dit in 2 Thessalonisense 3: 11 - 13: “Want ons het gehoor dat sommige van julle onordelik optree, en nie wil werk nie, maar oral inmeng. Ons raai sulke mense aan, ja, deur die Here spoor ons hulle aan, om hulle dagtaak kalm te

God is met sy raadsplan en ons met ons dagtake besig

verrig, en so hulle eie brood te verdien. Maar julle broers moet nie moeg word om goed te doen nie.

Mense wat glo hulle hou hulle besig met God se plan, God se visie en missie, deur hulle met ander mense se lewe en werk besig te probeer hou, is niks en niemand anders as mense wat wanorde bring deur oral in te meng met ander mense se sake en hulle nie met hul eie sake besig te hou nie.

God laat nie mense met sy voorsienige besluite en beskikkings betrokke raak en hom help nie.

Dit is hoe geestelikes hulle vandag met ons sake wil bemoei en hulle nie met hul eie sake wil besig hou nie – hulle wil hê ons moet glo wanneer hulle hulle met ons sake bemoei, is dit God wat vir ons sy plan met ons lewe kom wys, God wat ons deel van sy visie en missie maak.

Dit skep die wanorde dat ons en ons lewe deur ander mense bestuur en beheer word, wat hulle nie met hul eie werk besig hou nie, maar ons s'n wil opeis.

Dit is wat die geestelikes vandag in kerke wil bedryf – hulle wil bemoei-siek hulle met ons lewe en sake besig hou, nie met hul eie nie, en wil ons laat glo dat hulle bemoeisiekheid is God se plan vir ons lewe en ons koninkrykslewe. So wil hulle ons en ons kinders leer – jou eie lewe en take binne god se liefde is nie God se koninkryk. Bemoeisiekheid met ander mense se lewens is God se koninkryk!

12. God alleen is besig om ons binne sy raadsplan met ons lewe en werk te bestuur en te beskik! Niemand anders is deel van God se plan met ons lewe nie! Net God! Nie eers ons self nie!

Daarom kan ons in die rus gaan leef dat God is besig waarmee God besig is, net Hy alleen en het niemand se raad, hulp en betrokkenheid met my nodig nie.

En ek – ek kan in die vrede leef dat my gewone lewe en gewone dagtake binne in God se liefde, is die koninkrykslewe wat Jesus Christus die Here my laat leef.

Meer, terwyl ek my net hoef besig te hou met my gewone lewe en dagtake, sal God alles waarmee ek gewoon besig is só gebruik en beskik dat net Hy alleen sy raadsplan met my sal vervul

Kom ons verwerp die manier waarop geestelike mense by ons lewe wil betrokke raak en ons wil leer om met God se besigheid betrokke te wees en nie ons eie lewe en dagtake nie, vir presies net vir wat dit is – bemoeisiekheid van mense met ons en ons lewe wat nie hulle eie lewe leef nie en met hul eie werk besig is nie!

Wie só bemoeisiek is, kan nie glo hulle is in pas met God se voorsienigheid en ons wat ons gewone lewe vir God leef en ons gewone werk vir God doen, is uit pas met God se koninkryk nie.

Hulle geloof is ongeloof in God en hulle koninkryk is nie die Here Jesus Christus se koninkryk nie.